# *Diskussie:*

## I. PROF. STOKER OOR DIE EKONOMIESE HANDELING

### VERDERE OPMERKINGS

Prof. Stoker het, na aanleiding van my opmerkings omtrent sy siening van die ekonomiese handeling in twee ver-

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

baie dank verskuldig vir die geleentheid wat hy my bied om 'n beter insig te verkry in die moontlikhede vir die beoefening van die ekonomie „in U lig".

Op hierdie stadium is ek nie in staat om al sy vrae ten volle verantwoord te beantwoord nie maar ek wil tog 'n paar opmerkings maak wat ons miskien nader aan mekaar sal bring. My dank hiermee aan die redaksie van **Koers** vir die gegeleentheid om die diskussie te kon voer:

Ek wil die diskussie net eers kort opsom soos ek dit nou verstaan: Prof. Stoker sien die mens in sy ekonomiese handeling as 'n beelddraer van God in

hierdie gevolgtrekking lei is 1) dat die ekonomiese handeling 'n eksterne bestemming het — dat dit intern onaf is; 2) dat 'n motief buite die ekonomiese handeling dus die leidinggewende motief vir die handeling is; en 3) dat hierdie motief 'n diensmotief is — waaraan alle intern-ekonomiese motiewe dus onderworpe is.

Hierdie standpunt het ek as vakekonoom gekritiseer vir sover dit nie in ooreenstemming met my beskouing oor

my vak was nie (nie met die doel om 'n alternatiewe wysbegeerte te propageer nie).

My kritiek was in hoofsaak gerig teen die oorheersende posisie van die diensmotief in prof. Stoker se beskouing, en in dié verband het ek probeer aantoon dat ekonomiese motiewe en norm die ekonomiese handeling bepaal, waarby die diens motief e.a. 'n onderliggende rol speel. Indien diens nie die oorheersende motief is nie, sou dit ook beteken dat sy menssiening — die mens in sy ekonomiese handeling as beelddraer van die Voorsienigheid van God — nie heeltemal juis is nie.

Prof Stoker voel egter dat my argumente sy standpunt eerder steun as omverwerp en dit het hy dan in die genoemde twee notas probeer aantoon en verder toegelig.

Uit hierdie genoemde twee notas het dit vir my duidelik geword dat ons nie so ver van mekaar staan as wat ek oorspronklik gemeen het nie — veral t.o.v. die bestemming van die ekonomiese handeling — maar ons verskil nogtans ver genoeg in ander opsigte van mekaar om my te noodsaak om op sommige van sy vrae na die beste van my (huidige) vermoë te antwoord. Hierin hou ek my min of meer aan die volgorde van die oorspronklike argument.

**Bestemming en diens:**

Die bestemming van die ekonomiese handeling in die kosmiese dimensie van die wetskring is af — is dus intern, is dus onherleibaar tot 'n meer fundamentele handeling; in die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture (of daar so 'n dimensie bestaan kan ek op hierdie stadium nie beoordeel nie), is die bestemming egter ekstern — die ekonomiese handeling onaf. Hieroor wil ek nie op hierdie stadium verder argumenteer nie.

Gestel egter hierdie standpunt word sonder voorbehoud aanvaar; kan daaruit dan sonder meer afgelei word dat die hoofmotief vir die ekonomiese handeling diens is? Volgens prof. Stoker wel, volgens my nie.

Die feit dat die ekonomiese handeling, en dus die ekonomiese kring, gelei word deur die behoeftes van ander kringe (in die eerste instansie nader kringe binne dieselfde individu) verseker nie dat die behoeftes van ander kringe die ekonomiese handeling domineer nie. Die ekonomiese handeling moet in die eerste instansie getrou wees aan sy eie interne motiewe (of wette) en kan daarna hom laat lei deur eksterne motiewe. Wanneer interne en eksterne motiewe in botsing kom, moet die eksterne buig voor die interne, so nie verander die hele aard van die handeling. Indien ek die uitskakeling van verlies of die maksimalisering van loon (albei op die langtermyn natuurlik) bv. as interne motiewe stel en die diensmotief vereis 'n handeling waarby ek doelbewus 'n verlies ly dan is dit geen ekonomiese handeling meer indien ek daaraan voldoen nie — miskien 'n etiese of enige ander handeling maar geen ekonomiese handeling nie. Die diensmotief lei dus nie die ekonomiese handeling nie, dit beïnvloed slegs die ekonomiese handeling om dit in staat te stel om beter aan sy eie motiewe te beantwoord. In sy argument om die teenoorgestelde te bewys verwaarloos prof. Stoker implisiet (miskien selfs onbewus-

telik) die komplekse wese van die mens — verwaarloos hy die feit dat die ekonomiese handeling slegs een tipe handeling van die komplekse mens is. Let op die volgende sinne: „Die ekonomiese kring voorsien in die behoefte van mense in ander kringe en hulle behoeftes is ander as ekonomiese behoeftes," of „die ekonoom sal in wisselwerking met ander vasstel watter ‚behoeftes' hy wil of moet ‚bevredig' . . .". (pp.166-67 en p. 169 resp. Kursivering deur my.) Hierin lê waarskynlik die verwarring van die verskillende tipes handelinge.

Afgesien van hierdie aspek van die argument, nl. dat die diensmotief die alles-oorheersende vir die ekonomie is, en die gevolgtrekking wat uit die verwerping daarvan vir die res van die betoog gemaak kan word, is die verdere verloop van prof. Stoker se argument na my mening ook nog in 'n ander opsig foutief. Die ekonomiese handeling, sê hy, geskied altyd vooraf. „Dit is meer as besorging", dit is voorsiening, vooraf produseer, distribueer en verbruik . . . d.w.s. voor-sorg". In realiteit is dit egter nie waar nie. Die ekonomiese handeling volg eers nadat die behoefte waaraan voldoen moet word bekend is, en daarom kan dit niks meer wees as besorging nie. Dat aan die behoefte in feite voldoen word nadat die middele beskikbaar kom, spreek vanself, maar dit maak nog nie van besorging (verskaffifng) voorsorg nie. Let daarop dat die ekonomiese handeling in sy mees eenvoudige vorm die uitoefening van 'n keuse oor beskikbare middele is. Dit is dus bloot 'n toedeling van middele aan verskillende behoeftes — 'n besorging van middele wat kan dien vir die bevrediging van behoeftes — dus nie 'n beeld van God se Voorsienigheid nie.

**BEGRIPPE EN BEPALINGE:**

Prof. Stoker spreek bedenkinge uit t.o.v. begrippe wat ek insluit by die definiëring van die ekonomiese norm wat in verdere opmerking regverdig. Die eis van doelmatigheid by die uitoefening van beskikkingsmag oor skaars, alternatiefbruikbare goedere word as norm gestel. Hy stel die vraag waarom die begrip „bruikbaar" ingeloods word en heg dan sy eie verklaring daaraan, naamlik dat dit wys „na die ekstern ekonomiese gebruik". Let egter daarop dat bruikbaar in samestelling met alternatief gestel word. Dit kan ook gestel word as alternatief-aanwendbare middele en dui daarop dat daar van geen ekonomiese handeling sprake kan wees sonder dat daar 'n keuse moontlik is m.b.t. die aanwendingsmoontlikhede nie.

Sonder die moontlikheid van 'n keuse is 'n komparatiewe waardeoordeel nie moontlik nie — die resultaat van 'n bepaalde aanwending kan nie bo 'n ander gekies word as daar geen ander aanwending moontlik is nie. Die feit dat die mens in staat is om 'n komparatiewe waarde-oordeel te maak, stel hom egter in staat om tot 'n maksimalisering van behoeftes te kom. Sonder so 'n waardeoordeel kan geen doelmatigheid beoefen word nie en verval die ekonomiese norm dus.

Hieruit lei ek verder af dat skaarsheid 'n bepaling by elke ekonomiese handeling moet wees. Sonder skaarsheid van middele — en let daarop dat die ekonoom langer rusteken met skaarheid nie absolute skaarsheid nie maar relatiewe skaarsheid bedoel,

d.w.s. skaarsheid t.o.v. die vraag — is geen keuse tussen alternatiewe aanwendings daarvan nodig nie — alle behoeftes kan dan na willekeur bevredig word.

Die ekonomiese handeling in sy eenvoudigste vorm is dus nie ruil nie maar wel 'n komparatiewe waarde-oordeel t.o.v. behoeftebevrediging, en dit is alleen moontlik by 'n keuse-handeling — skaarsheid noodsaak dit en die moontlikheid van alternatiewe aanwendings maak dit moontlik.

**HUMANISME EN DOELMATIGHEID:**

Ek stem met prof Stoker saam dat besparinge (van Dooyeweerd) deur doelmatigheid vervang moet word, omdat doelmatigheid besparing insluit maar ook baie meer as dit. Doelmatigheid is vir my 'n Godgegewe opdrag, soos in die skepping geopenbaar, en daarmee glo ek het ek my verweer teen enige kritiek dat die ekonomiese norm (soos deur my onderskryf) in enige sin humanisties is.

**WELVAART EN BEPLANNING:**

Prof Stoker stel m.i. tereg dat welvaart meer as ekonomies is — materiële welvaart egter nie. 'n Optimum welvaart word egter dikwels geknoop aan ekonomiese beplanning. Ek het die vorige keer reeds geskerm om my nie positief uit te laat oor die probleem van beplanning nie, ek doen dit nou weer — nie omdat ek niks daaroor te sê het nie, eerder om die teenoorgestelde rede. Die vraag of beplanning wenslik is of nie kan egter nie sonder meer beantwoord word in die bestek van 'n paragraaf nie, omdat daar geweldig uiteenlopende menings oor die begrip is en ons dus mekaar eers sal moet vind t.o.v. terminologiese kwessies. Ek wil net by herhaling stel dat „onbeplande" vraag en aanbod nie teenoor beplanning gestel kan word nie. Vraag en aanbod is in 'n sekere sin nooit onbeplan nie. 'n Indiwiduele waarde-orde in die gedagtes van elkeen van die deelnemende partye by die ruil is 'n onderliggende aanname by die wette van vraag en aanbod. Die bestaan van 'n openbare waarde-orde (d.w.s. ruilwaarde of prys — prys as 'n uitdrukking van die ruilverhouding) vereis dus die bestaan van indiwiduele waarde-ordes. So 'n waarde-orde is beplanning, soos prof. Stoker self beweer — nogtans praat ons nie in die geval van beplande vraag en aanbod nie — daarmee bedoel ons iets radikaal anders. 'n Diskussie oor beplanning moet liewer wag totdat een van ons die geleentheid kry om 'n eie standpunt breedvoerig te stel.

**EKONOMIE EN MENSBESKOUING:**

As vak-ekonoom moet ek my tevrede stel met 'n mensbeskouing wat op naiewe ervaring berus — as mens is dit my egter vry om vak-ekonoom sowel as wysgeer te wees. Omdat ek lg. ongelukkig nie is nie wil ek prof Stoker vra om genoeg geduld te gebruik totdat ek (d.m.v. studie) iets meer as 'n naiewe mensbeskouing daarop kan nahou, wanneer ek my weer sal beywer om 'n versoening oor die onderhawige probleme tussen ons te verkry.

F. J. du Plessis.

P.U. vir C.H.O.

---

1. **Koers**, XXVI, Nr. 4, pp. 165-172 en Nr.7 en 8 pp. 258-263.
2. Ek vra om verskoning vir my (vorige) swak woordkeuse in die woord versorging. Wat ek bedoel het is besorging( verskaffing).